Saterdag 14

**SKRIFGEDEELTE: LUKAS 3:1-6; 24:46-47**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 3:1; 24:46-47**

**Tiberius – "... van Jerusalem af en verder"**

Keiser Tiberius se naam word net een keer in die Bybel genoem. Hoekom noem Lukas hierdie keiser by die naam? Of 'n meer geldige vraag: Wat wil God hierdeur aan ons openbaar?

Lukas wil nie net 'n klomp interessante historiese inligting weergee nie. In die eerste plek doen Lukas soveel moeite met hierdie name om te beklemtoon dat Jesus nie 'n fiktiewe persoon is nie, maar regtig Iemand was wat in 'n spesifieke tyd geleef het.

In die tweede plek wil hy vir ons wys op die wêreldwye betekenis van die Hooffiguur in sy verhaal: Jesus Christus. Tiberius se naam het 'n simboliese betekenis, want daardeur word die leser van hierdie evangelie voorberei vir die feit dat God se verlossingsplan vir die hele wêreld bedoel is: "... van Jerusalem af en verder" (Luk. 24:46-47).

Jy kan dus weet dat die Here Jesus Christus werklik mens kom word het en dat God se verlossingsplan in Hom ook vir jou geld.

Nou het jy as gelowige die verantwoordelikheid en roeping om in Jesus Christus se Naam bekering en vergewing van sondes aan almal te verkondig wat die Here op jou pad plaas. "... van Jerusalem af en verder."

*Sing: Psalm 98-1:1-4*

*Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Meyerton)*